momentum
consultants & actuaries

Consolidated Retirement Fund for Local Government

Opsomming van die
Aktuariële Waardasie soos op 30 Junie 2019

1. Inleiding

Hierdie opsomming weerspieël die resultate van die aktuariële waardasie van die Consolidated Retirement Fund for Local Government (die Fonds), wat uitgevoer is soos op 30 Junie 2019, die datum van waardasie.

Die doel van die waardasie is om:

(a) die finansiële toestande van die Pensioenarisrekening, die Bewaringspensioenrekening, en die Lidbelangrekening, te bepaal deur middel van 'n vergelyking tussen die waarde van die bates en dié van die laste vir die onderskeie rekeninge;
(b) die verklarings van beleggingsgroei vir aktiewe en uitgestelde lede na te sien;
(c) die saldo's van die onderskeie Fondsrekeninge te bepaal;
(d) die toekenning van bydraes tot aftreevoordele na te sien; en
(e) pensioenverhogings vir pensioenarisse aan te beveel.

2. Voordele

Die Fonds bied vastebydrae-voordele aan sy aktiewe lede en uitgestelde lede. Die voordeel betaalbaar by diensbeëindiging van 'n lid is die lid se Lidbelangrekening. Dit is grotendeels gelyk aan die bydraes (ná koste) met die toevoeging van beleggingsgroei.

Lede het verskillende opsies met betrekking tot versekerde sterfte- en ongeskiktheidsvoordele (wat bykomend tot die Lidbelang betaal word), met die ooreenstemmende verskille in bydraes wat toegeken word aan Lidbelange.

Die Fonds betaal maandelikse pensioene aan pensioenarisse met teiken pensioenverhogings van 100% van prysinflasie.

3. Lidmaatskap

Soos op datum van waardasie was daar 47 400 aktiewe en uitgestelde lede en 550 pensioenarisse, insluitende 154 ongeskiktheidspensioenarisse.

4. Bates

Die totale waarde van die netto bates van die Fonds, soos op die datum van waardasie, het R26 215 miljoen beloop. Na aftrekking van die Risikoreserwe rekening van R60.1 miljoen, die Lewende Annuïteitsrekening van R4.4 miljoen en die Datareserwe rekening van R22.8 miljoen, beloop die gesamentlike bates van die Lidbelangrekening, Verwerkingsreserwerekening, Bewaringspensioenrekening en Pensioenarisrekening R26 128 miljoen soos op 30 Junie 2019.

5. Groei Portefeulje

Beleggingsgroei word toegeken aan Lidbelangrekeninge. Dit is gebaseer op die werklike netto beleggingsgroei wat die Groei Portefeulje verdien. Beleggingsgroei was 5.2% per jaar op die Groei Portefeulje vir die jaar geëindig 30 Junie 2019.

6. Geldmark Portefeulje

Die Fonds verskaf die Geldmark Portefeulje vir lede 50 jaar en ouer. Die doelwit van hierdie portefeulje is om beskerming te bied teen markskommelinge vir lede naby aan aftrede. Beleggingsgroei vir lede wat die portefeulje gekies het was 8.3% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2019**.**

7. Gematigde Portefeulje

Die Fonds verskaf ook die Gematigde Portfeulje vir lede 50 jaar en ouer. Lede 50 jaar en ouer mag 25%, 50%, 75% of 100% van hulle Lidbelang belê in die portefeulje. Die bates van die Gematigde Portefeulje word beperk tot tussen 18% en 56% in aandele-beleggings en word bestuur op ‘n “lewensfase” basis afhangende van die ouderdom van die lid. Beleggingsgroei vir lede wat die Gematigde Portefeulje gekies het was 5.3% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2019.

8. Shari’ah Portefeulje

Die Fonds het die Shari’ah Portefeulje op 1 September 2016 bekendgestel vir lede wat wil hê dat hul beleggings aan die vereistes van die Shari’ah-wet en die beginsels vir Islamitiese finansies moet voldoen. Beleggingsgroei was 4.8% per jaar op die Shari’ah Portefeulje vir die jaar geëindig 30 Junie 2019.

9. Pensioenaris Portefeulje

Die bates van die Pensioenaris Portefeulje is belê om ongeveer ooreen te stem met die termyn en die aard van die pensioenaris laste. Die opbrengs op die Pensioenaris Portefeulje was 5.0% per jaar vir die jaar geëinding 30 Junie 2019**.**

10. Pensioenverhoging en Bonus

'n Pensioenverhoging van 4.6% effektief vanaf 1 Maart 2019 was toegeken aan pensioenarisse.

'n Diskresionêre bonus gelykstaande aan 100% van een maand se pensioen was toegeken, betaalbaar in Desember 2018, sowel as 'n diskresionêre bonus van nege maande se pensioen was toegeken, betaalbaar in September 2019.

11. Fondsrekeninge

Die finansiële toestand soos op 30 Junie 2019 van die Fondsrekeninge is as volg:

Lidbelangrekening en Verwerkingsreserwerekening	**R 000**
Bates	25 389 735
Lidbelang	(25 323 959)
Verwerkingsreserwerekening [1]	65 776
Befondsingsvlak	*100.3%*

Bewaringspensioenrekening	**R 000**
Bates	90 702
Lidbelang	(90 702)
Surplus	0
Befondsingsvlak	*100.0%*

Pensioenarisrekening	**R 000**
Bates	647 516
Pensioenaris-verpligting	(480 719)
Solvensiereserwe	(13 012)
Spesiale bonusvoorsiening [2]	(24 823)
Surplus	128 962
Befondsingsvlak	*124.9%*

[1] Die Trustees het besluit om 'n deel van die Verwerkingsreserwerekening te verdeel na die aanbieding van die 30 Junie 2018 waardasie. Die verdeling het op 30 Junie 2018 0.3% van die Lidbelangrekeninge in die Groeiportefeulje beloop vir diegene wat nog op die verdelingsdatum aktief was. Hierdie verdeling is in Oktober 2019 geïmplementeer.

[2] Daar is voorsiening gemaak vir 'n spesiale pensioenbonus van nege keer maandelikse pensioen wat in Junie 2019 deur die Trustees toegestaan is om 'n gedeelte van die surplus van die Pensioenrekening te verdeel. Hierdie bonus is in September 2019 aan pensioenarisse betaal.

12. Samestelling van die Bydraekoerse

Bydraes as 'n persentasie van salarisse	Totaal	Kategorie A	B	C	D	E	F	G
Werkgewerbydrae [1]	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00	18.00
Minus:								
Risikokostes en uitgawes	(4.13)	(3.63)	(5.63)	(2.63)	(0.68)	(3.58)	(3.63)	(1.23)
Netto Werkgewerbydrae	13.87	14.37	12.37	15.37	17.32	14.42	14.37	16.77
Plus: Lidbydrae [1]	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00	9.00
Beskikbaar vir aftreevoordele	**22.87**	**23.37**	**21.37**	**24.37**	**26.32**	**23.42**	**23.37**	**25.77**

1. Kontrakwerknemers en Raadslede dra 7.5% by en die Deelnemende Werkgewer bydrae ten opsigte van Raadslede is 7.5% of 19.5% van salarisse (totale bydraekoers van 15.0% of 27.0% van salarisse).

   Normale lede en Munisipale Bestuurders het die opsie om 7.5% of 9.0% by te dra (totale bydraekoers van 25.5% of 27.0% van salarisse). Die Deelnemende Werkgewer bydrae ten opsigte van *Nuwe Lede* kan verander.

13. Finansiële toestand

Die Fonds is in 'n gesonde finansiële toestand soos op die datum van waardasie.

Sean Neethling, BSc CFP® FIA FASSA
Genoot van die Actuarial Society of South Africa
in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en
as 'n werknemer van Momentum Consultants and Actuaries (Pty) Ltd

Die Actuarial Society of South Africa is die primêre reguleerder in my professionele hoedanigheid.

17 Maart 2020